

KOEL GEBREI VIR DIE SOMER

**Brei dié bostuk in 'n
japtrap en wag vir die
komplimente**

BENODIGDHEDE: 400g Twilley's Handi-
craft Cotton Nr. 2 (dubbel gebruik); een
paar elk breinaalde van 5 mm en 6 mm.

MATE: Om borsmaat van 81-86 cm te pas;
synaat 37 cm.

SPANNING: 16 ste en 18 rye = 10 x 10 cm
oor patroonsteek.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei
aweregs; st(e) - steek (steke); pat - patroon;
tes - tesame; rif - riffelsteek (= een regs, een
aweregs).

Sigsagsteek (oor 'n veelvoud van 10 ste):

1e ry: aw 3, r 1, * aw 3, r 3, aw 3, r 1 * 6 keer.

2e en alle ewe rye: Brei ste soos hulle
voorkom.

3e ry: aw 2, * r 3, aw 3, r 1, aw 3 * 6 keer,
eindig met r 2.

5e ry: aw 1, * r 5, aw 5 * 6 keer, eindig met r 3.

7e ry: r 3, aw 1, * r 3, aw 3, r 3, aw 1 * 6 keer.

9e ry: r 2, * aw 3, r 3, aw 1, r 3 * 6 keer, eindig
met aw 2.

11e ry: r 1, * aw 5, r 5 * 6 keer, eindig met aw
3.

12e ry: Soos 2e ry.

1e tot en met 12e ry vorm die patroon.

AGTERPANT: Met 5-mm-breinaalde stel
64 ste op en brei 6 cm rif. Slaan oor na
6-mm-breinaalde en patroonsteek, brei 60
rye — 37 cm vanaf begin.

Vermin 10 ste eweredig gespaseer oor
37e ry, d.w.s. (aw 4, aw 2 tes) 10 keer.

Slaan oor na 5-mm-breinaalde en brei 6
cm rif. Heg af.

VOORPANT: Soos agterpant.

SKOUEBANDJIES: Met 5-mm-breinaal-
de stel 60 ste op en brei 6 rye rif. Heg alle ste
af.

AFWERKING: Werk synate toe. Werk
skouerbandjies 8 cm vanaf syrand vas. ●

